

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 82

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

DIE MAGTIGE MENS

Die mens kry baie dinge reg, besondere prestasies word behaal. Dit laat die mens dink dat hulle magtig is.

Die uitwerking wat hierdie prestasies op die mens self het, is egter nie so gelukkig nie.

Valse vertroue

Baie mense van vandag reken dat hulle deur middel van die wetenskap soveel bereik het dat hulle God nie meer nodig het nie. Vroeër, so verklaar hulle, het die mense gedink dat sekere dinge alleen kan plaasvind deur 'n wonder van God. Vandag kan hulle dit self doen met behulp van die resultate van tegniek en wetenskap. Die tegniese en wetenskaplike prestasies bring dus mee dat Christus uitgeskuif word uit die lewe van die hedendaagse mens. Die moderne mens het God nie meer nodig nie — so meen hulle.

Die fenomenale oorwinnings oor stof en ruimte het die deur sonde misvormde dwergmense laat beland in die illusie dat hy 'n kosmiese reus is wat alles kan vermag. Daarom dink hy dat hy sonder God kan klaarkom.

Dit is ongetwyfeld waar dat die wetenskap beslis baie newels verskeur en spoke verjaag het, maar dit kan nooit die verlore paradys herwin nie. Wie die opinie huldig dat die verlore paradys met die produkte van tegniek en wetenskap herwin kan word, is net so dwaas soos iemand wat dink dat hy met 'n besem, wat baie tegnies en wetenskaplik vervaardig is, duisternis uit 'n kamer kan uitvee.

Die feit dat die mens van ons tyd sy vertroue steeds meer van God aftrek en op die produkte van die tegniek en wetenskap stel, is volgens die Bybel ook 'n teken van die naderende wederkoms van Christus. Die wêreld van die einde word vir ons geteken as een wat God verwerp en ten volle op die maaksel van sy eie hande vertrou.

Koningin of weduwee

In Openbaring 18:7 lees ons dat die wêreld van die einde sal sê: "Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie".

Die weduwee word in die Bybel aan ons voorgehou as dié persoon wat besonderlik van God afhanklik is en ook deur Hom versorg word. (Ps. 68:6; Ps. 146:9). Teen die einde sal die wêreld egter sê dat hy nie meer 'n "weduwee"... 'n van God afhanklike is nie. Hy het God nie meer nodig nie. Hy is soos 'n koningin wat oor haar eie lot beslis. Daarom sal hy toesien dat geen droefheid sy lewe versuur nie. Met behulp van sy tegniek en wetenskap sal die mens teen die einde tot sulke geweldige dinge in staat wees, dat hy daarvan oortuig sal wees dat hy die lewe vir homself sonder God verder gelukkig kan maak. As ons nou die geweldige tegniese en wetenskaplike ontwikkeling in die jongste tyd sien en die groeiende vertroue wat die mens daarop stel, dan spreek daaruit in die lig van die Bybel geen onduidelike taal nie.

Om die wetenskap te beoefen, is natuurlik glad nie verkeerd nie; intendeel, dit is opgesluit in die kultuuropdrag wat God aan die mens gegee het. (Gen. 1:28, 2:15). Die probleem van die hedendaagse mens is dat hy in die beoefening van sy wetenskap homself van God en sy gebod losgemaak het. Daarom moet dit ons ook nie verbaas dat die produkte van die tegniek en wetenskap monsters geword het wat dreig om hulle eie makers te vernietig nie, want wie God verag, haal 'n gewisse oordeel oor homself.

Wat die mens van ons tyd moet leer, is dat hy alleen waarlik mens kan wees as hy voor God staan en in alles sy diepe afhanklikheid van en verantwoordelikheid teenoor God erken. Doen hy dit nie, dan word hy 'n bedriegde wat voor eie grootheid kniel. Dan probeer hy self god

wees en word wat hy nie is nie en berei so die weg na sy eie ewige ondergang.

Wetenskap alleen — geen troos

Daar is egter 'n ander saak in hierdie verband waarop ek ook u aandag wil vestig. Die wetenskap en tegniek kan geen antwoord gee op die diepste lewensvrae en grootste node van die hart van die mens nie. Trouens, wat beteken al die hooggeroemde kundigheid van die wêreld vir my as ek staan by die oop graf waarin 'n geliefde gelê word?

Kan die uitvindere aan my iets gee om my te troos? Kan hy stilte in my hart bring soos Jesus Christus dit kan bring as Hy my wys op die ewige geluksaligheid van die wat in die Here gesterf het en my toeroep: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee?" Kan één van hulle met hulle wetenskaplike en tegniese projekte 'n mens se hart, selfs onder die mees onbenydenswaardige omstandighede, vervul met 'n ontembare blydskap, sodat hy soos Paulus en Silas lofliedere kan sing; nieestaanende die feit dat hulle, stukkend geslaan en geboeid, in die gevangenis sit?

Nee, hulle kan nie!

Daarom beteken al die wysheid van hierdie wêreld sonder Christus niks en bring dit net leegheid in die hart wat baie mense dan weer gaan opvul met skyngeluk. Daarom is die moderne wêreld so rusteloos te midde van die hoë ontwikkeling; daarom is dit innerlik so kragteloos by al sy uitwendige kragontplooiing.

Die wetenskap en tegniek van ons eeu is wonderlik en ons moet God daarvoor dank. As Christus nie daarin geken word nie en God nie daarmee gedien word nie, word dit ontmasker as die opperste dwaasheid wat net smart en verdriet veroorsaak. Dan staan met duidelike letters daarvoor geskryf: Die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God.

Eers as die mens besef dat hy met sy wetenskap en die produkte daarvan die eer van God moet soek en Hom daarmee moet dien, is hy op die regte pad. Dan sal hy besef dat hy alles wat hy bereik het, nie aan eie vernuf te danke het nie, maar aan die genade van God.

P. J. de Bruyn.

"EK DIEN GOD IN DIE NATUUR"

Ek het u onlangs hoor sê: "Ek gaan nie kerk toe nie. Ek kan God baie beter dien in die natuur. Daarom gaan ek Sondae liefs na plekke waar ek die natuur kan bewonder. My godsdiens word daardeur beter gevoed as wanneer ek in 'n kerk sit en na 'n vervelige gepreek moet luister."

Nou is dit natuurlik so dat 'n mens God wel uit die natuur kan ken. Die natuur sê aan my dat dit nie vanselfsprekend ontstaan het nie, maar dat dit deur 'n Almagtige geskape is en in die skoonheid van die natuur sien ons ook die werk van God se hande.

Tog kan 'n mens God uit die natuur nie behoorlik ken as jy dit nie beskou deur die bril van God se Woord nie. Alleen by die lig van die Bybel verkry 'n mens 'n suiwere visie op die natuur en leer jy om in die natuur die grootheid van God te sien.

Dit is om hierdie rede dat ek tog bedenkinge daarteen het dat u God net in die natuur wil dien. Ek het 'n idee dat u in werklikheid probeer wegvlug van dié God wat vanuit sy Woord in die kerk tot u spreek. Trouens, daar in die natuur waarin u u Sondae verlustig, daar hoor u nie die oordele van God oor u eie lewe nie, daar bereik God se roepstem tot bekering u nie en daar hoor u nie hoe God van u eis om u hele lewe in sy diens te stel nie.

Alles kom dus daarop neer dat u voel dat God dit daar in die natuur nie vir u moeilik kan maak nie. Ek kan dit daar kan net geniet. Dit is vir u geen genot om in die kerk te hoor van God se oordele en die noodsaaklikheid om u te bekeer nie. Daarom vlug u van die kerk af weg?

Help dit u enigins?

Of u van God se oordele hoor of nie hoor nie, dit bly tog dreigend oor u hang ook daar waar u verlustig in die skoonheid van die natuur. U is bang om dit te hoor. U is bang, omdat u vrees dat u u moet bekeer en u sondes moet nalaat. Daarom vlug u weg — na die natuur.

Omdat u wegvlug, hoor u ook nie van die liefde van God in Christus Jesus nie en sonder dié liefde is alles donker — ook op die heerlikste sonskyndag te midde van pragtige natuurskoon.

Buitendien moet u ook onthou: dit is 'n eis van die Here dat u met die gemeente móét saamkom. In Hebr. 10:25 lees ons: "En laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie". In 1 Petr.2:2 staan: "En verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei."

As u dus die verkondiging van die Woord in die samekoms van die gemeente nalaat om u slegs te gaan verlustig in die natuur, oortree u die gebod van die Here.

Gaan luister daarom na die verkondiging van die Woord van die Here in die kerk; dan sal u by die lig van die Woord die skoonheid van God se natuur beter kan bewonder en Hom meer kan eer.

P. J. de Bruyn.

EK VERSTAAN TOG NIE!

Jy sê jy wil eerlik wees. Jy verstaan nie wat gepreek word nie en jy gaan nou ook maar liewer nie kerk toe nie? Dis net tyd mors!

Waar is die fout?

Is dit werklik so? Het jy eers nie verstaan nie en toe van die kerk weggebly, of het jy eers die kerk ongereeld besoek en toe nie meer verstaan nie? Dink eerlik na; eerlik, want jy het gesê jy wil eerlik wees oor die saak. Watter een was eerste? Ek is seker jou eerlikheid gaan jou met my laat saam stem: eers ongereeld die kerk besoek en toe nie meer verstaan nie.

Nou neem ek jou nie kwalik nie — ek bedoel, dat jy nie verstaan nie — en tog neem ek jou kwalik — omdat jy veroorsaak het dat jy nie meer verstaan nie.

Onbekend maak onbeminde.

Het jy ook al agtergekom dat mense wat mekaar net so nou en dan ontmoet mekaar nie goed **verstaan** nie en vriende wat mekaar dikwels ontmoet, gereeld met mekaar kommunikeer, hulle **verstaan** mekaar goed. Soms is net 'n halwe sin, net een woord of net 'n kyk nodig!

Jy glo ook mos daaraan dat 'n mens iemand moet ken om hom te **verstaan** en om hom te **ken**, moet jy met hom praat en hom met jou laat praat. Weet jy, dis ook waar ten opsigte van die verhouding tussen God en jou? Hoe meer jy met God omgaan, hoe beter ken jy Hom, hoe beter verstaan jy sy Woord — ook wanneer dit in die kerk verklaar word. God spreek tog tot ons deur sy Woord.

Ek sê hoe meer jy met God omgaan. Voor ek vergeet: het dit nie miskien al by die huis verkeerd geloop nie? Eers een aand nie geles en gebid nie, al minder met God verkeer en toe ook nie meer die omgang met God in die gemeente nie.

Verbond gehou

Weet jy, God het nog altyd gekom. Hy kom nou ook nog om jou in die erediens te ontmoet. Hy kom nou nog om Hom verstaanbaar en kenbaar te maak in die preek. Hy bly getrou, want kyk, Hy het 'n verbond met jou opgerig. Nou kom Hy, die een party in die verbond, om Hom aan jou te openbaar.

Jy kom nie! Jy, die ander party in hierdie verbond met God, jy kom nie. Jy sê jy het nie 'n verbond met God nie? Wat is dan jou verhouding tot God? Is jy dan nie gedoop nie? Jy is mos! Toe het Gods volk gesing:

"Verbond met Abraham sy vriend, bevestig Hy van kind tot kind". (Ps. 105:5). Verbond, ook met jou! Jy is aan God verbonde! Julle móét saamgaan! Hy kom om saam te gaan, om Hom in die erediens verstaanbaar te maak. Hy, die ewige God, Hy soek die skakeling met jou en jy?

Hoe meer jy met Hom omgaan — ook in die erediens — hoe meer en beter sal jy Hom verstaan en ken, want Hy openbaar Homself al meer en meer aan jou. Miskien sal jy, soos die dissipels van Christus, aanvanklik net hier en daar verstaan en soms verkeerd verstaan.

Maar die dissipels kon, deur die gedurige omgang met Hom, uiteindelik in die volle lig staan. Toe het hulle nie net verstaan nie, maar ook getuig. God wil jou ook hierdie genade in die Verbond skenk!

A. J. Coetsee.

WAAR IS JOU GOD?

U wil dus beweer dat daar geen God is nie en dat die God waarvan die Christene praat, dood is. Dan het u seker ook in aanraking gekom met die "nuwe teologie" wat veral uit Amerika en Engeland kom en beweer dat God dood is. U en die mense wat dieselfde opvatting oor God het, dink miskien dat u met iets nuuts vorendag gekom het toe u sulke dinge beweer het. U maak 'n groot fout!

Eintlik is u bewering dat God dood is niks anders as 'n variasie op die stokou tema nie. Dit is slegs 'n modernisering van 'n opvatting en handelwyse wat al vir baie eeue bestaan. In die Bybel-self vind ons reeds duidelike verwysings na so 'n beskouing en beoordeling van God.

Die heidene van die Bybelse tyd het vir hulle ook idees gevorm van hoe 'n god moet wees en wat hy moet doen. Die god moes volgens hulle byvoorbeeld gestalte aanneem in 'n beeld van goud of silwer, hout of klip. Toe het hierdie heidene gegaan en met hulle eie idees aangaande 'n god, die God van Israel gaan meet en beoordeel. Daarom het hulle tot die slotsom gekom dat Israel nie 'n God het nie, omdat hulle nie 'n beeld van Hom het nie. Daarom het hulle met Israel se godsdienste gespot en gevra: *Waar is jou God?*

Waar is jou God?

Hierdie spotvraag keer soos 'n telkens herhaalde refrein terug in die Bybel. Ons vind dit in verskeie psalms en profesieë. (Pss. 42:4, 11; 79:10; 115:2; Joël 2:17; Miga 7:10). Dit wil voorkom asof dit die uitnemendste wyse was waarop die heidene met Israel en met hulle geloof in God gespot het deur aan hulle te vra: Waar is julle God? Hulle wat hulle afgode van hout en klippe kan aanwys, wil ook sien waar die God van Israel is. Hulle wil sien hoe Hy lyk en wat Hy doen. Vir hulle geld net een reël: sien is glo.

Dat die gelowiges van die ou tyd baie gely het onder hierdie spotvraag, is uit die Skrif baie duidelik. So verklaar die digter van Psalm 42 byvoorbeeld: "My trane is my spys dag en nag, omdat hulle die hele dag vir my sê: Waar is jou God? ... Met 'n doodsteek in my gebeente smaad my teenstanders my as hulle die hele dag vir my sê: Waar is jou God?"

Hierdie spot sny die digter deur murg en been. Dit waarvan hy in sy siel ten volle oortuig is, kan hy nie sodanig bewys dat hy die spotters kan oortuig nie. Die heidene kon veral nie verstaan waarom Israel soms leed en lyde moet verduur as hulle dan 'n goeie en almagtige God het nie. Vir hulle het dit doodeenvoudig net nie gerym dat so 'n goeie en almagtige God ooit kan toelaat dat sy volk, of lede van sy volk lyde, smarte, moeite en probleme ondervind nie. Daarom het hulle met die gelowiges gespot: waar is julle God en met hierdie spotvraag sê hulle eintlik op bedekte wyse wat sekere mense vandag onverbloemd verklaar — dat God dood is.

Ook vandag

Dit is ook die spotvraag wat opkom uit 'n valse, mensgemaakte voorstelling van God wat vandag nog aan die adres van die gelowiges gerig word om hulle tot ongeloof en twyfel te probeer bring.

As 'n geliefde jou deur die dood ontruk word, dan word gevra: Waar is jou God van wie jy sê dat Hy die mag het om die wat in Hom glo te red van die dood. As 'n teer beminde in 'n motorongeluk sterf, dan kom die vraag: Waar is jou God van wie jy saam met jou Bybel sê dat Hy jou sal bewaar op al jou weë? As ek oorval word deur 'n ernstige siekte, dan moet ek die honende vraag hoor: Waar is jou God wat dan kamstig sy gunsgeenote bewaar?

Die bloedige oorloë wat hierdie eeu gesien het, het die ongelowiges aan die Christene gevra:

Waar is die regverdige God waarin julle roem as Hy soveel onreg kan toelaat? Een van die Russiese ruimte-manne het, nadat hy teruggekeer het aarde toe, spottend verklaar dat hy geen God daarbo aangetref het nie. Uit sy mond hoor ons dus weer: Waar is jou God?

Met hierdie gespot word ook gemik op Christus. Vir baie is dit opperste dwaasheid om iemand wat soos 'n swakkeling aan die kruis sterf, as Redder en Verlosser te sien. Die redder wat die mens wil hê, moet immers een wees wat skares kan opsweep, vuurpyle kan laat vlieg, maar ook brood moet kan laat neerreën. Daarom verag hulle Christus as 'n swakkeling en vra: Waar is jou God; tog nie Hy daar aan die kruis nie! Dit is hierdie gesindheid wat geopenbaar word in die vraag: "Waar is jou God?" en wat in ons tyd vaste vorm verkry het in die sogenaamde "God is dood"-teologie.

En u?

Dink u ook dat God dood is? As u so dink, voel ek jammer vir u. God is die grootste werklikheid in die lewe, maar u sê dat Hy nie bestaan nie, omdat sy bestaan volgens u maatstawwe nie wetenskaplik bewys kan word nie.

Sê my net eers: Waarom beweer u dat God dood is? Sê u dit nie, omdat u graag wil hê dat Hy dood moet wees nie. Ek vra dit, omdat 'n mens so geneig is om sy eie gevoelens te projekteer in ander en op ander toe te pas. U ken seker die spreekwoord: wie self agter die deur staan, soek ander mense daar.

Voor my lê 'n boek oop waarin die volgende geskrywe staan:

"Wie self sleg is, noem God sleg.

Wie self blind is, sê dat die son duisternis is.

Wie self doof is, sê dat daar geen musiek bestaan nie.

Wie self geestelik dood is, sê dat God dood is."

Nou kan u seker verstaan waarom ek u bewering dat God dood is en u vraag aan my en ander gelowiges: waar is jou God, met 'n teenvraag beantwoord: Waarom maak u so 'n bewering en waarom stel u so 'n vraag? Doen u dit om my en ander gelowiges in die verleentheid te stel as ons nie op 'n tasbare wyse, wat u sal bevredig, kan aantoon dat God 'n lewende en werkende God is en wáár Hy is nie? Wil u ons verleentheid dan gebruik om bevestiging in u eie hart te kry vir u begeerte dat God tog maar dood moet wees, sodat u nie hoef te vrees vir 'n oordeelsdag en 'n ewige straf nie? As dít u gesindheid is, is u probleem nie dat u **nie kan** glo nie, maar dat u **nie wil** glo nie.

Soos 'n kind

Tog is dit ook vir u moontlik om in God te glo, as u maar net bereid is om volgens die eis van Christus soos 'n kind te word.

Kinderlik, sonder enige voorbehoude, voorwaardes of vooropgestelde idees moet u die Bybel, die Woord van God, neem en lees en na die verkondiging daarvan in die kerk gaan luister. U moet God op sy Woord neem en aanvaar dat Hy werklik bedoel wat Hy daarin aan u sê. U moet ook kinderlik tot God bid en Hom vra om u oë te open om Hom as God te sien, in Hom te glo en om in Jesus Christus, die Gekruisigde, u ware Verlosser te sien.

As u dit doen, sal die vraagteken in u lewe: "Waar is jou God?" verander in 'n uitroepteken: "My Here en my God!"

P. J. de Bruyn.

Iets om te onthou

Omdat die mens God verloor het, het sy medemens in sy oë ook eintlik geen waarde meer oorgehou nie. Sy medemens is vir hom nie meer 'n wese wat na die beeld van God geskape is nie, maar hy is verlaag tot 'n ding wat hy kan gebruik of misbruik soos hy wil. Hy kan dit gebruik tot eie finansiële voordeel of seksuele genot om dit daarna weg te gooi soos 'n papiertjie waarin lekkers toegedraai was.

IS U 'N DOOIE MENS

Dit lyk belaglik om so 'n vraag te vra. Aan 'n dooie mens kan so iets mos nie gevra word nie. Stel jou voor om aan 'n lyk te gaan vra of hy dood is! Dit is mos net lewendige mense wat so 'n vraag kan hoor en verstaan.

Lewendig dood

Tog is dit nie so belaglik as wat dit miskien lyk nie. Die woord "dood" kan mos ook 'n ander betekenis as die gewone hê. In die Bybel lees ons ook dat aan lewendige mense gesê word dat hulle dood is. In Openb. 3:1 lees ons dat aan 'n hele gemeente gesê word: "Jy het die naam dat jy lewe **en jy is dood**". Dit is eintlik verbysterend! Lewendige mense moet nou hoor dat hulle dood is.

Wat word daarmee bedoel? Dat hulle wat liggaamlik lewendig is, geestelik dood is, omdat hulle die band met die lewende God verloor het. Daarom word aan hierdie mense gesê dat hulle eintlik net liggame het. (Luk. 17:37). Hulle is lyke waaroor die aasvoëls van God se oordeel hongereg rondvlieg en wag om daarop neer te sak.

Die tyd van Noag en Lot

Sulke mense is veral aangetref in die tyd van Noag en Lot en sulkes sal volgens die Bybel weer in groot getalle aangetref word in die tyd kort voor die wederkoms van Christus.

In die Bybel lees ons in die verband die volgende: "En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens: hulle het geëet en gedrink, hulle het getrou en is in die huwelik gegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het en die sondvloed gekom en almal vernietig het. Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot: hulle het geëet en gedrink, gekoop en verkoop, hulle het geplant en gebou. Maar op die dag toe Lot van Sodom uitgaan, het vuur en swawel van die hemel af gereën en almal vernietig. Net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word." (Luk. 17:26-30).

U sal miskien by die lees van hierdie woorde lus voel om te vra: maar wat is nou eintlik verkeerd met die mense in die tyd van Noag en Lot volgens hierdie beskrywing? Eet, drink, trou, koop, verkoop, plant en bou — daarmee is mos niks verkeerd nie; intendeel dit is wesentlike dele in die lewe van elke normale mens.

God uitgeskakel

Die nadruk val in hierdie woorde van Christus egter nie op wat gesê word nie maar juis op wat verswyg word. Eet, drink, trou, koop verkoop, plant en bou — **dis al**, verder niks! Van God en godsdiens, van enige bekommernis oor en stryd teen die sonde hoor 'n mens hier absoluut niks. Die hele lewe het opgegaan in eet, drink, plant, bou, ens. Daarin was dié mense se hoogste belange geleë.

Die mense gaan hulle gewone gang en doen wat hulle tevore gedoen het, maar met dié verskil dat hulle God heeltemal uitgeskakel het uit hulle lewe. Hulle praat nie van Hom nie en dink nie aan Hom nie. Hulle gaan voort net asof God nie bestaan nie en ook nooit bestaan het nie.

Hierdie soort mens het vir die hoëre geestelike en sedelike waardes in die lewe hoegenaamd geen belangstelling nie. Sy hele lewe is toegespits op die aardse dinge en dit wat die aarde hom kan bied. Sy lewe het heeltemal vermaterialiseer: om lekker te kan eet en drink, om geweldige geboue op te rig, om handel te dryf... dit sal die hele inhoud van sy lewe wees.

Sulke mense is eintlik dooie mense. Hoewel hulle liggaamlik lewendig is, het hulle

geestelik gesterf, omdat hulle die band met die lewende God verbreek het. Die liggaamlike en die materiële is vir hulle alles in die lewe.

So was dit in die tyd van Noag en Lot en so sal dit wees aan die einde van die geskiedenis in die tyd kort voor die wederkoms van Christus. Daarby moet ons onthou dat hierdie letterlik goddelose lewenshouding volgens die Bybel altyd gevolg word deur die oordele van God soos die sondvloed en die verwoesting van Sodom en Gomorra. So toon God dan dat Hy Hom nie deur die waanwyse mens laat uitskakel en dood verklaar nie. Hy laat nie met Hom spot nie en Hy laat Hom ook nie ignoreer nie.

Iets om te onthou

Die mens moet hom nie laat meevoer deur die hedendaagse evangelie van sensasie nie, maar hy moet sy krag en troos soek in die sensasie van die evangelie dat Christus vir sondaars gesterf het om hulle te red.

Wat van u?

In die lig van hierdie uiteensetting moet u nou u eie lewe ondersoek — om te sien of ú nie dalk ook lewendig dood is nie.

U is miskien 'n goed opgevoede en voorbeeldige persoon in u eie oë en in die oë van u medemens. Ander mense tree moontlik teenoor u op met besondere respek en agting. Tog kan u innerlik leeg wees, omdat u lewe so oppervlakkig geword het dat dit nie meer uitstyg bokant die materiële belange nie. Eet, drink, trou, koop, verkoop, plant en bou — het hierdie en dergelike dinge nie ook die belangrikste in u lewe geword nie?

As dit so is, is God besig of het Hy reeds uit die prentjie van u lewe verdwyn — ongeag die feit dat u tans miskien nog in naam 'n lidmaat van die kerk van die Here is. Baie mense in ons land wil mos ter wille van mode en status nog lidmate van die kerk wees, terwyl Christus in werklikheid reeds vir hulle 'n vreemdeling geword het.

Begryp u wat die implikasie van so 'n stand van sake in u lewe is? As u lewe so vervlak het dat God daaruit verdwyn het, dan wag die oordele van God op u! Dit is immers wat gebeur het met die mense in die tyd van Noag en Lot toe hulle lewens tot dié peil gedaal het. Die mense in die tyd van Noag is verdelg deur die sondvloed en die mense van Sodom en Gomorra in die tyd van Lot, is verdelg deur vuur en swawel uit die hemel.

Daarom is daar vir u net een weg tot redding en behoud en dit is: Terug na God! Terug na Jesus Christus! As u dit doen, sal u onheilige leegheid gevul word deur sy heilige volheid, sodat u ook saam met die ander gelowiges blymoedig kan sê: "En uit sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade." (Joh. 1:16).

Dan sal u nie meer lewendig dood wees nie; intendeel, dan sal u eers werklik begin lewe, omdat u dan gebind is aan die ewige en lewendige God en aan Jesus Christus wat gesê het: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe." (Joh. 14:6).

Dan sal u ook deel in die wonderlike ervaring dat, vanweë die borgtog-versoeningswerk van Christus, **die dood u nie meer kan laat sterf nie**. Christus-self het immers gesê: "Wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe." (Joh. 11:25). Die dood sal vir u dan niks anders wees nie as 'n heengaan om met Christus te wees en dit is verreweg die beste. (Fil. 1:23).

Mag dit waarlik so met u wees.

P. J. de Bruyn.

Iets om te onthou

In ons tyd waarin 'n gejaagde en onvergenoegde mensheid deur en deur materialisties geword het en God dood verklaar het, is dit goed om te onthou dat die Tienstammeryk van Israel volgens die Bybel ondergegaan en verdwyn het, omdat hulle agter nietige afgode aangehardloop het en toe self nietig geword het. (II Kon. 17:5).